**VRYSTAAT HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer : LA186/05

In die saak tussen:-

**PULE MAHLAKU** Applikant

en

**DIE STAAT** Respondent

**CORAM:** VAN ZYL, R

**AANGEHOOR OP:** 15 DESEMBER 2011

**GELEWER OP:** 22 MAART 2012

[1] Applikant doen aansoek om verlof om te appelleer teen sy skuldigbevindings op 'n aanklag van moord en 'n aanklag van verkragting, sowel as die opgelegde vonnisse.

[2] Ten opsigte van aanklag een, is dit beweer dat applikant op of omtrent 1/2 November 2003 in die distrik van Odendaalsrus wederregtelik en opsetlik vir Ntaoleng Maria Msimanga (hierinlater na verwys as "*die oorledene*") 'n volwasse vrou, gedood het. Ten opsigte van aanklag twee is

dit beweer dat applikant op of omtrent 1/ 2 November 2003 in die distrik van Odendaalsrus die oorledene, wie op daardie stadium nog in lewe was, verkrag het. Nadat ek applikant op beide die aanklagte skuldig bevind het, is hy ten opsigte van aanklag een gevonnis tot twintig jaar gevangenisstraf en ten opsigte van aanklag twee is hy gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf.

[3] Ten tyde van sy pleit, het applikant se regsverteenwoordiger aangedui dat applikant verkies om geen pleitverduideliking ten opsigte van die aanklag van moord te maak nie. Wat die verkragting betref, het applikant erken dat hy met die oorledene geslagsgemeenskap gehad het, maar dat dit met haar toestemming geskied het.

[4] Aldus die weergawe van die relevante staatsgetuies was applikant vroeër die aand van die voorval by ‘n stokvel geleentheid, waar die oorledene en sekere van hierdie getuies ook was. Nadat die oorledene en die applikant die stokvel verlaat het, het die staatsgetuies, Lucia en Bihipapang, applikant in die teenwoordigheid van die oorledene gesien in omstandighede waar hy haar met ‘n

kierie aangerand het. Voorts was daar getuienis dat oorledene se liggaam die volgende dag in ‘n mielieland aangetref is, onder andere met die kierie wat vroeër die aand in applikant se besit was, ook in die onmiddellike omgewing van haar lyk.

[5] Teenoor voormelde was dit applikant se weergawe dat hy geensins daardie aand by die stokvel geleentheid teenwoordig was en/of die oorledene aangerand het nie. Dit blyk dan ook uit sy aansoek om verlof om te appelleer dat applikant van oordeel is dat ek fouteer het om in die verband die weergawe van die staatsgetuies te aanvaar en sy weergawe te verwerp. Me Kruger, namens applikant, het tydens haar betoog volstaan met die gronde van die aansoek om verlof om te appelleer soos uiteengesit in applikant se aansoek as sulks. Mnr. Zwini, namens die staat, het aan die hand gedoen dat ek nie fouteer het met my bevindings in die verband nie en dat ek tereg applikant se weergawe verwerp het.

[6] Ek het my weer deeglik vergewis van die totaliteit van die tersaaklike getuienis hieromtrent, soos ek ook volledig

daarmee gehandel het in my uitspraak. Ek is van oordeel dat daar nie ‘n redelike moontlikheid dat ‘n ander Hof tot ‘n ander gevolgtrekking sal kom wat betref my bevinding dat die identifisering van applikant onder die omstandighede geloofwaardig en betroubaar was en dat applikant se weergawe in die verband nie redelik moontlik waar kan wees nie.

[7] Wat die verkragting as sulks betref, het ek reeds gemeld dat applikant self erken het dat hy gemeenskap met die oorledene gehad het. Addisioneel daartoe was daar ook DNA getuienis wat applikant in die verband met die oorledene verbind.

[8] In my uitspraak het ek tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> “Die kumulatiewe effek van hierdie omstandigheidsgetuienis opgeweeg teen die ongeloofwaardige weergawe van die beskuldigde wat alreeds aan die hand van die direkte getuienis teen hom verwerp is, is sodanig dat ek van mening is dat dit die enigste redelike afleiding is dat dit die beskuldigde is wat die oorledene daar in die mielieland verkrag het en toe vermoor

het."

Na my mening bestaan daar geen redelike moontlikheid dat 'n ander Hof tot 'n ander gevolgtrekking as bogemelde sal kom nie en kan die aansoek om verlof om te appelleer ten opsigte van die skuldigbevindings dus nie slaag nie.

[9] Wat die opgelegde vonnisse betref, is die bepalings van Artikel 51 van die Strafregwysigingswet, Wet 105 van 1997, van toepassing. In terme daarvan is lewenslange gevangenisstraf die voorgeskrewe minimum vonnis ten opsigte van die aanklag van moord, terwyl tien jaar gevangenisstraf die voorgeskrewe minimum vonnis ten opsigte van die verkragting is, tensy ek bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van `n mindere vonnis noodsaak en regverdig. Ek het in my uitspraak daarmee, sowel as met die elemente van strafoplegging gehandel, synde die persoonlike omstandighede van die applikant, die aard en erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap. Ek het toe ten gunste van applikant bevind dat wat die moord aanklag betref, daar wel sodanige wesenlike en dwingende bestaan

en applikant tot 20 jaar gevangenisstraf gevonnis. Ek het nie sodanige wesenlike en dwingende omstandighede bevind wat betref die aanklag van verkragting nie, maar ek het wel die kumulatiewe effek van die vonnisse getemper deur te gelas dat dit samelopend uitgedien moet word.

[10] By behoorlike heroorweging van bogemelde aspekte wat die vonnisse betref, meen ek dat daar nie ‘n redelike moontlikheid bestaan dat ‘n ander Hof tot die gevolgtrekking sal kom dat die opgelegde vonnisse skokkend swaar en onvanpas is soos deur applikant in sy aansoek om verlof beweer nie. Applikant se aansoek om verlof om te appelleer teen die opgelegde vonnisse, kan derhalwe ook nie slaag nie.

[11] Gevolglik word applikant se aansoek om verlof om te appelleer teen sy skuldigbevindings, sowel as die opgelegde vonnisse, van die hand gewys.

**C. VAN ZYL, R**

| | |
|---|---|
| Namens die Applikant | Adv. S. Kruger<br>In opdrag van:<br>Die Regshulpraad<br><u>BLOEMFONTEIN</u> |
| Namens die Respondent: | Adv. L. Zwini<br>In opdrag van:<br>Direkteur van Openbare Vervolging<br><u>BLOEMFONTEIN</u> |